**Hoe lank na inhegtenisname moet 'n persoon voor die hof gebring word?**

Enige persoon wat in hegtenis geneem is moet so gou moontlik na 'n polisiestasie geneem word, asook ingelig word van sy reg om vir borg aansoek te doen.

Die persoon moet binne 48 uur na sy inhegtenisname voor 'n hof gebring word. Indien die 48 uur tydperk verstryk buite gewone hoftyd, moet die persoon verskyn op die eerste volgende hofdag.

Net omdat 'n persoon aangehou mag word vir 48 uur, beteken nie dat die polisie hom so lank moet aanhou nie. Die persoon is binne sy regte om self sy eerste verskyning te reël om sodoende n borgaansoek te loods. Die polisie, as deel van die Staat, het 'n plig om die persoon behulpsaam te wees om sy verskyning so gou moontlik te laat plaasvind.

**Wat is die verskillende kategorieë van misdaad?**

Daar is twee maniere om misdaad te kategoriseer:

**Misdaad se oorsprong**

Misdade kan deur wette van Parlement geskep word (ook statute genoem). 'n Voorbeeld van so 'n misdaad is dronkbestuur, wat amptelik bekend staan as "oortreding van Artikel 65 (1) (saamgelees met Artikel 89 (1)) van die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996."

Misdade kan hul oorsprong ook in die Gemenereg hê. Die Gemenereg is die deel van ons regstelsel wat sy oorsprong gehad het in Holland en wat deur die jare deur ons howe ontwikkel en uitgebou is. Moord is 'n voorbeeld van 'n Gemeenregtelike misdaad. Daar is geen wet of statuut wat die misdaad van moord daarstel nie.

**Die aard van die misdaad**

- Sommige misdade het 'n element van geweld: moord, roof, aanranding en verkragting.
- Misdade met 'n element van oneerlikheid: diefstal, roof, bedrog en vervalsing.
- Misdade met 'n seksuele aard: verkragting, statutêre verkragting en onsedelike aanranding.
- Verkeersoortredings: dronkbestuur, spoedoortredings of parkeer oortredings.